

# DISSIPELSKAP. LES 24

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> ROMEINE 13 - 16
---	--

**Maak beurte** en **deel/vertel kortliks (of lees)** van jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Romeine 13 -16). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS]</i> HERSIEN VERSE OOR DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS
---	--

## A. 'N METODE VIR DIE HERHALING/REPETISIE VAN GEMEMORISEERDE BYBELVERSE

Die hersiening van vroeër gememoriseerde verse word só gedoen:

### 1. Mondelinge herhaling van die nuwe Bybelverse in jou memoriseringshouer.

“Herhaling/repetering van die nuwe Bybelverse” beteken dat jy die laaste 5 Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het minstens eenmaal per dag herhaal. Die herhaling van nuut geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle te onthou en noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom die laaste 5 memoriseringsverse uit jou memoriseringshouer minstens eenmaal per dag vir 'n tydperk van 5 weke. Dus, herhaal/repeteer jy elke nuut geleerde Bybelvers 35 maal voordat jy die Bybelvers van jou memoriseringshouer af oorplaas na jou memoriseringslêer.

### 2. Mondelinge herhaling van die ou Bybelverse in jou memoriseringslêer

“Herhaling/repetisie van die ou Bybelverse” beteken dat jy al jou ou Bybelverse in jou memoriseringslêer minstens elke 3 weke herhaal. Die herhaling/repetering van vroeër geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle nie te vergeet nie en steeds noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom 5 uit elke 100 ou memoriseringsverse uit jou memoriseringslêer minstens eenmaal per dag. Dus, herhaal jy al jou voorheen gememoriseerde Bybelverse een keer elke drie weke.

### 3. Hou jou memoriseringshouer byderhand.

Plaas elke dag jou laaste 5 nuut gememoriseerde Bybelverse en 5 uit elke 100 vroeëre gememoriseerde Bybelverse in jou memoriseringshouer en hou dit die hele dag byderhand. Gebruik los tye wat jy moet wag of iewers heen moet ry as geleenthede om hulle te herhaal, daaroor na te dink en daaroor te bid.

### 4. Kontroleer akkuraatheid.

Kontroleer jouself gereeld om vas te stel of jy die geleerde Bybelverse wel goed geleer het en nog korrek kan aanhaal. Kontroleer mekaar se 5 laaste geleerde Bybelverse twee-twee gedurende elke byeenkoms van die groep. Kontroleer of die ander persoon die onderwerp, die teksverwysing, die Bybelvers en die teksverwysing nog sonder 'n fout kan herhaal. Gee as wenk “die onderwerp”, of “die teksverwysing” of “die eerste reël van die Bybelvers”.

## B. HERHAAL/REPETEER TWEE-TWEE DIE REEKS B: “NUWE LEWE IN CHRISTUS”

(1) Christus: 2 Korintiërs 5:17. Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

(2) Woord: Matteus 4:4. Maar Hy antwoord: Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.

(3) Gebed: Johannes 15:7. As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.

(4) Gemeenskap: 1 Johannes 1:7. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.

(5) Getuig: Matteus 10:32. Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is.

4	BYBELSTUDIE (20 minute)	[VERHOUDINGS] VERBODE VERHOUDINGS. 2 KORINTIËRS 6:14 -7:1
---	-------------------------	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit 2 Korintiërs 6:14 – 7:1.

<b>STAP 1. LEES.</b>	<b>GOD SE WOORD</b>
<i>Lees.</i> KOM ONS LEES 2 Korintiërs 6:14 – 7:1 saam.	
Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	<b>WAARNEMINGS</b>
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK? OF WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?	
<i>Teken aan.</i> Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.	
<i>Deel.</i> (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel. (Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)	

6:14

Ontdekking 1. Christene moet verbode bindende verhoudings met ongelowiges stopsit.

“Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie” (“Moenie saamspan met ongelowiges nie”, NLV). In die oorspronklike taal (Grieks) staan daar letterlik, “Moenie voortgaan om in dieselfde juk te trek nie.” Dit gaan daarvoor dat sommige Christene in die gemeente van Korinte al met ongelowiges in dieselfde span trek. Paulus beveel hulle om die kompromie van 'n verbode bindende verhouding met 'n ongelowige onmiddellik te beëindig! Omdat Christene saam met nie-Christene leef en werk, moet hulle hul persoonlike lewe onder die vergrootglas plaas en vasstel of hulle ook die een of ander kompromie met 'n ongelowige gemaak het. Indien wel, dan moet hulle so 'n verbode bindende verhouding onmiddellik beëindig!

6:17

Ontdekking 2. Christene mag nie verbode bindende verhoudings met ongelowiges begin nie.

“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here!”(AOV). In die oorspronklike taal (Grieks) staan letterlik, “Jy moet onmiddellik uit hul midde weggaan!” Dit gaan daarvoor dat sommige Christene in die gemeente van Korinte hulle kompromie deur verbode bindende verhoudings met ongelowiges nog nie opgegee het nie. Die apostel Paulus beveel hulle om eens en vir altyd hiermee te breek. Christene word verbied om bepaalde verbode bindende verhoudings aan te gaan of in bepaalde verslawende aktiwiteite betrokke te raak. Omdat Christene tussen nie-Christene leef en werk, moet Christene geleer word watter verhoudinge en aktiwiteite bindend of verslawend is en dus verbode is.

<b>STAP 3. VRA.</b>	<b>UITLEG</b>
<i>Oorweeg.</i> WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA? Kom ons probeer al die waarhede in 2 Korintiërs 6:14 – 7:1 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.	
<i>Teken aan.</i> Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.	
<i>Deel.</i> (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)	
<i>Bespreek.</i> (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.) (Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)	

6:14

Vraag 1. Wat is “'n juk”?

*Aantekeninge.* 'n Juk is hier die dubbele juk waarmee twee osse (perde of donkies) langsmekaar loop en die vrag trek. Die juk is die instrument waarmee twee diere aan mekaar vasgemaak word, sodat hulle tegelyk moet begin of stop, teen dieselfde snelheid moet loop en in dieselfde rigting moet trek. Hulle word deur die bindende verhouding gedwing om alles saam te doen. As een van die diere ander gedagtes het, of in 'n ander rigting wil beweeg is die eenheid in die span gebreek en dan vertraag dit die ander een. As die twee diere verskillende leiers wil volg, is daar 'n heen en weer trekkery sodat daar geen vooruitgang is nie. Hulle neutraliseer dan mekaar se krag wat hulle op die vrag wil uitoeven.

Die apostel Paulus het die woorde in Deuteronomium 22:10 in gedagte, “Jy mag nie 'n bees en 'n donkie saam voor 'n ploeg inspan nie.” Hy pas die beginsel toe op die verhoudings tussen mense ten einde die teenstrydigheid van 'n verbode bindende verhouding tussen 'n gelowige en 'n ongelowige te benadruk. As 'n Christen so 'n verbode bindende verhouding met 'n nie-Christen aangaan, sal hy ervaar hoe die nie-Christen hom van die regte pad van God aftrek, sy geestelike groei benadeel en uiteindelik by 'n punt bring waar hyself nie meer in Christus glo nie!

Gewone verhoudings met ongelowige nie-Christene mag daar wees. Jy mag met die ongelowige of nie-Christen saam praat, eet, reis, sport beoefen en werk. Jy mag in 'n bus ry waarvan die bestuurder 'n ongelowige is. Jy mag in 'n restaurant eet waar die kok 'n ongelowige is. Jy mag voedsel koop in winkels waarvan die eienaars ongelowiges is. Jy mag jou skoolopleiding ontvang van 'n ongelowige onderwyser, solank jy nie die onwaarhede wat hy mag leer, glo nie. Jy mag werk vir 'n ongelowige werkgewer solank jy "nee" kan sê vir verkeerde dinge wat hy van jou mag verwag. Jy mag sake doen met 'n ongelowige sakeman solank jy geen bindende kontrak sluit wat die beginsels in die Bybel skend nie.

Bindende verhoudings met ongelowiges of nie-Christene is verbode omdat dit God se verbond en Bybelse beginsels skend en jou dwing om onbybelse waardes te hanteer en jou as 'n nie-Christen te gedra.

---

6:14

### Vraag 2. Wat is voorbeelde van "ongelyke spanne" in verhoudings wat die Bybel verbied?

#### **Aantekeninge.**

(1) Die ongelyke span in 1 Korintiërs 5:9-11.

"In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie. Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy, sou julle uit die wêreld moes padgee. Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie" (1 Korintiërs 5:9-11).

Die Bybel beveel Christene om nie om te gaan met mense wat hulleself 'Christene' noem, maar hulle soos nie-Christene gedra nie. Natuurlik mag 'n Christen wel omgaan met nie-Christene. Anders sou hy nie teenoor hulle kon getuig nie.

(2) Die ongelyke span in 1 Korintiërs 6:1-8.

"Gaan iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy reg by heidense regters soek en nie by gelowiges nie? Of weet julle nie dat die gelowiges oor die wêreld sal oordeel nie? En as julle oor die wêreld sal oordeel, is julle dan onbevoeg vir sulke geringe hofsake? Weet julle nie dat ons oor die engele sal oordeel nie? Dan tog seker ook oor alledaagse dinge. As julle oor alledaagse dinge geskille het, laat julle dan dié mense as regters optree op wie die gemeente neersien? Ek sê dit om julle skaam te maak. Is daar dan nie 'n enkele verstandige mens onder julle wat 'n saak tussen gelowiges kan besleg nie? Maar gaan een gelowige nou met die ander hof toe, en dit voor ongelowige regters? Eintlik is julle saak al klaar verlore, omdat julle hofsake met mekaar het. Waarom ly julle nie liever onreg nie? Waarom laat julle julle nie liever te kort doen nie? In plaas daarvan pleeg julle onreg en doen ander te kort, en dit doen julle aan medegelowiges" (1 Korintiërs 6:1-8).

Die Bybel beveel Christene om nie hulle regsgeskille voor nie-Christen regters aanhangig te maak nie. As hulle regsgeskille het, moet hulle wyse Christene vra om die saak te beoordeel en dan tevrede wees met die uitslag. As die regsgeskil nie opgelos kan word nie, is dit beter om verlies te ly en die finale oordeel aan God oor te laat (1 Petrus 2:21-23). Dus, 'n Christen mag nie in dieselfde span trek met nie-Christen regters nie.

(3) Die ongelyke span in 1 Korintiërs 7:39.

"'n Vrou is aan haar man gebind so lank as hy lewe. As hy sterwe, is sy vry om te trou met wie sy wil, mits dit met 'n gelowige is" (1 Korintiërs 7:39).

Die Bybel beveel Christene dat hulle nie in die huwelik mag tree met 'n nie-Christen nie. 'n Christen is iemand wat waarlik aan Jesus Christus behoort, d.w.s. 'n persoon in wie die Here Jesus Christus deur sy Heilige Gees leef en sy lewe bestuur. 'n Christen is iemand wat sy lewe volledig oorgegee het aan die heerskappy van Jesus Christus. M.a.w. 'n Christen mag nie 'n ongelyke span vorm met 'n nie-Christen in die huwelik nie. 'n Wedergebore Christen mag alleen met 'n ander wedergebore Christen in die huwelik tree.

Hierdie beginsel verbied ook 'n Christen om kennis te maak, vas uit te gaan of gekys te wees<sup>1</sup> met 'n nie-Christen! 'n Christen mag nie eers met so 'n verhouding met 'n nie-Christen *begin* nie, want die doel van uitgaan, kennismaking en gekys wees, is uiteindelik 'n huwelik! Wanneer vriendskap intiem word, begin twee vriende hulle diepste gedagtes en gevoelens met mekaar deel en dit kan 'n geruime tyd bly vassteek in die hart en denke. Die twee word steeds meer afhanklik van mekaar. Maar 'n intieme verhouding tussen 'n Christen en 'n nie-Christen is gevaarlik vir die Christen, omdat hy of sy nie die oortuigings, gevoelens, waardes en doelwitte van die nie-Christen somer eenkant toe kan skuif nie. Die nie-Christen sal probeer om die Christen aftrek na onder toe, na wêreldse begeertes, waardes, oortuigings en doelwitte. Wat die nie-Christen ook al glo, sal die geloof en gedrag van die Christen ingrypend beïnvloed.

Die Christen sal die aanslae van die nie-Christen nie maklik kan weerstaan nie, omdat die Christen *ongehoorsaam aan God* geword het en God hom of haar waarskynlik nie meer beskerm nie. God gee ongelowige en ongehoorsame mense oor aan sedelike onreinheid (seksuele immoraliteit), skandelige drifte en verdraaide opvattinge, sodat hulle doen wat onbetaamlik is (Romeine 1:24,26, 28). Hoor wat die wysheid van God al in die Ou Testament sê: "Ek het geroep en

---

<sup>1</sup> 'n "item" wees

julle wou nie luister nie, ek het my hand uitgesteek en julle het dit nie gegryp nie. Julle het my raad alles in die wind geslaan, julle wou julle nie laat tereg wys nie. Daarom sal ek lag as die ongeluk julle tref, ek sal met julle spot wanneer die angs julle oorval, wanneer daar nood en kwelling oor julle kom. Die angs sal soos 'n storm oor julle kom, die ongeluk sal julle tref soos 'n orkaan. Dan sal julle my roep en ek sal nie antwoord nie, julle sal my soek en my nie kry nie. Julle het 'n afkeer van kennis gehad, julle het geweier om die Here te dien, julle het my raad verontagsaam en elke tereg wysing van my geminag. Julle sal die vrugte van julle optrede pluk, julle sal van julle eie planne walg" (Spreuke 1:24-31).

Sommige ongehoorsame Christene redeneer dat hulle wel met 'n nie-Christen van die teenoorgestelde geslag uitgaan om hom of haar na Christus te kan lei. Maar die argument is nie vir God aanvaarbaar nie. God verbied uitdruklik 'n bindende verhouding tussen 'gelowige en 'n ongelowige man of vrou (1 Korintiërs 7:39; 2 Korintiërs 6:14)! Die Bybel sê ook: "Jy, vrou, weet immers nie of jy jou man sal red nie. Of jy, man, hoe weet jy of jy jou vrou sal red?" (1 Korintiërs 7:16)! Dus, 'n Christen mag nie saam met 'n nie-Christen uitgaan, kennismaak of gekys wees nie!

Dit sal 'n treurige dag wees as jy Jesus Christus verlaat ter wille van 'n intieme verhouding met 'n nie-Christen! Dit sal net so 'n treurige dag wees as jou nie-Christen vriend sou besluit om 'n 'Christen' te word alleen maar om die intieme verhouding met jou te behou. In beide gevalle sal die vriendskap baie daaronder ly en uiteindelik misluk. Alhoewel alles by God moontlik is, verwag God dat ons verstandig sal wees en sy gebooe sal gehoorsaam. God verbied die vorming van 'n ongelyke span met 'n nie-Christen of ongelowige 'Christen' ('n naam-Christen), omdat Hy die allerbeste vir ons in die oog het.

(4) Die ongelyke span in 1 Korintiërs 10:7.

"Julle moenie afgodsdienaars word nie, soos sommige van hulle oor wie daar geskrywe staan: "Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan en hulle aan uitspattighede oorgegee" (1 Korintiërs 10:7).

Die Bybel beveel Christene om nie deel te neem aan die heidense feeste van nie-Christene nie. Sulke byeenkomste is gekenmerk deur losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye (wilde en uitspattige dronkpartytjies-NLV) en afskuwelike afgodery (1 Petrus 4:3). Hulle word gekenmerk deur ontug, sedeloosheid, hebsug en dubbelsinnige, oppervlakkige, platvloerse en ongepaste taal (Efesiërs 5:3-5). Sulke partytjies in disko's en klubs waar mense hulle oorgee aan verdowingsmiddels en seksuele immoraliteit is vir Christene verbode. Dus, 'n Christen mag nie in dieselfde juk trek met mense wat by hierdie soort partytjies betrokke is nie.

Samevatting.

Soortgelyke verhoudings soos wat hierbo beskryf is, word deur God verbied. Hulle is onwettig! Christene moenie dink dat dergelyke verhoudings met nie-Christene kan floreer nie. Sulke "juk" verhoudings het kompromie gesluit met die ongelowige en nie-Christene en hulle maak "slawe" van mense wat daaraan deelneem.

---

### Vraag 3. Watter ander ongelyke jukverhoudings is vir Christene verbode?

**Aantekeninge.** Die onderrig oor die vorming van 'n ongelyke span met 'n ongelowige Christen ('n naam-Christen) of nie-Christen moet ook op ander intieme of bindende verhoudings toegepas word. Byvoorbeeld:

(1) 'n Christen mag nie 'n besigheidsvennootskap met 'n nie-Christen vorm nie.

'n Christen mag wel vir 'n nie-Christen werkgewer werk, solank hy nie dinge moet doen wat deur God verbied word nie. Maar 'n vennootskap waarin 'n Christen en 'n nie-Christen saam geld belê en saam besluite neem en verantwoordelikhede deel, is onwettig. Dit kan lei tot 'n situasie waarin die nie-Christen besigheidsvennoot omkoopgeld gee en aanvaar, terwyl die Christen dit nie doen nie. Só raak die Christen onbewustelik betrokke by korrupsie.

(2) 'n Christenskool mag nie 'n nie-Christen onderwyser aanstel nie.

Skoliere word blootgestel aan misleidende leerstellings van bose geeste, dwaalleraars en skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is (1 Timoteus 4:1-2).

(3) 'n Christen mag nie lid word van 'n gemeente wat nie die Bybel gehoorsaam nie.

Hy mag nie deel wees van 'n gemeente wat die Bybel nie beskou as God se geïnspireerde Woord, wat gesaghebbend is vir leer en lewe, of waar die Bybel nie verkondig en gehoorsaam word nie. 'n Christen moenie iemand as sy leraar kies as die leraar nie die Bybel aanvaar as die absolute gesag vir menslike denke en gedrag nie.

(4) 'n Christen mag nie lid word van 'n geheime organisasie nie.

Jesus sê, "So kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg. Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie. Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is" (Johannes 3:19-21). En die apostel Paulus sê, "Moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak. Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen. Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val" (Efesiërs 5:11-13).

- (5) 'n Christen mag nie betrokke raak by, of 'n ongelyke span vorm met nie-christelike waardes en met nie-christelike aktiwiteite wat gewoontevormend is nie.

Voorbeelde van sulke nie-Christelike waardes en aktiwiteite wat gewoontevormend is: verkeerde TV programme kyk; verkeerde boeke en tydskrifte lees; verkeerde klubs besoek; by verkeerde organisasies aansluit, ens. 'n Christen moet ver weg bly van mense wat die christelike waarhede en waardes uitmaak vir ouderwets en uitgedien. Hy moet antichristelike godsdienstige gedagtes en waardes, maar ook alle antichristelike sosiale en geregtelike gedagtes en waardes verwerp.

---

6:15

Vraag 4. Wat het 'n gelowige en 'n ongelowige in gemeen?

**Aantekeninge.** 'n Gelowige en 'n ongelowige het bepaalde dinge in gemeen, bv., beide eet dieselfde voedsel, dra dieselfde klere, ry dieselfde motor of dieselfde bus en gebruik dieselfde geld, ens.

Maar bepaalde dinge is eie aan gelowiges alleen. Terwyl 'n ongelowige die middelpunt van sy eie lewe is, het 'n Christen vir Jesus Christus as die middelpunt van sy lewe. Die skat of waardevolste ding van 'n ongelowige is hier op die aarde, maar die skat van 'n gelowige is in die hemel. Die skatte van hierdie wêreld is veranderlik, maar die skatte van die Koninkryk van God is onveranderlik! Ongelowige mense soek die eer van ander ongelowige mense, maar Christene soek die eer van die God van die Bybel. Dus, eintlik het 'n gelowige en 'n ongelowige niks in gemeen wat betref doel, rigting en waardes in die lewe nie.

Daar kan geen *venootskap* tussen reg en onreg wees nie. Daar kan geen *gemeenskap* tussen lig en duisternis wees nie. So kan daar ook geen *eenstemmigheid* tussen Christus en Belial, die god van enige ander godsdiens wees nie! Hoe kan 'n gelowige dan *dieselfde belange* hê as 'n ongelowige? Hoe kan dan 'n *ooreenkoms tot stand kom* tussen die tempel van God (die Christelike Gemeente) en mense wat afgode (die gode van ander godsdienste) dien? Omdat hierdie dinge in God se oë verbode is, sê die Here, "Gaan van hulle af weg en sonder julle af. Moenie eers wat onrein is aanraak nie! Dan sal Ek julle aanneem, en sal Ek vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees."

---

6:17

Vraag 5. Wat sou 'n Christen kon doen as hy op 'n bepaalde gebied nog steeds deel is van 'n ongelyke span met 'n ongelowige?

**Aantekeninge.** Hy moet doen wat 2 Korintiërs 6:17 sê, "Gaan van hulle af weg en sonder julle af." Die negatiewe verbod: "Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie" het ook 'n positiewe gebod: "Gaan van hulle af weg en sonder julle af." Christene moet onmiddellik stappe neem om hierdie verkeerde verhoudings te beëindig.

Christene moet saam met gelowiges in dieselfde span wees, in dieselfde rigting trek, mekaar aanspoor in die christelike geloof en waardes en mekaar eensgesind dien (Filippense 1:27). Christene moet ook wat die huwelik, diensbaarheid en openbare getuienis betref as een span saamloop.

---

7:1

Vraag 6. Wat kan 'n Christen doen as hy deur 'n verkeerde verhouding met 'n nie-Christen negatief beïnvloed is?

**Aantekeninge.** Die Christen moet dadelik met sy verkeerde verhouding breek en hom reinig van alle liggaamlike en geestelike ongeregtheid. Wanneer 'n Christen sy sonde bely, sal God hom vergewe en hom van alle ongeregtheid reinig (1 Johannes 1:9).

'n Christen moet met eerbied en ontsag sy hele lewe vir God heilig. Hy moet steeds groei op die gebied van heiliging (Romeine 6:13,19; 1 Tessaloniëse 4:3,7; 1 Tessaloniëse 5:23). Hy moet in gehoorsaamheid volkome aan God toegewy wees!

**STAP 4. DOEN.**

**TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

**Deel en teken aan.** Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van 2 Korintiërs 6:14 – 7:1 neer.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

**Teken aan.** Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is 'n lys van moontlike toepassings.)

## 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit 2 Korintiërs 6:14 – 7:1.

- Moenie in dieselfde span werk met iemand wat homself 'n 'Christen' noem, maar hom soos 'n nie-Christen gedra nie (1 Korintiërs 5:9-13).
- Moenie in dieselfde geregtelike span loop deur 'n regsgeeding deur 'n nie-Christen regter te laat beoordeel nie. Laat ander Christene oor jou regsgeeding oordeel (1 Korintiërs 6:1-11).
- Moenie met 'n ongelowige in die huwelik tree nie. Moenie met 'n nie-Christen uitgaan om nader kennis te maak nie en moenie met 'n nie-Christen gekys raak nie (1 Korintiërs 7:39).
- Moenie saamloop in die wilde partytjies van ongelowiges nie. Gaan alleen na partytjies waar daar nie kompromie gesluit word nie (1 Korintiërs 10:7).
- Moenie met ongelowiges saamspan in sake transaksies nie, omdat nie-Christen sakemanne ander etiese norme as Christene in hulle onderhandelinge handhaaf.
- Sluit alleen aan by 'n Christen gemeente waar Jesus Christus sentraal is en die Bybel as die finale gesag vir leer en lewe verkondig en gehoorsaam word.
- Sluit nooit aan by enige geheime organisasie nie (Johannes 3:19-21; Efesiërs 5:11-13).
- Moenie verstrik raak in nie-christelike waardes en gewoontevormende aktiwiteite nie.

## 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit 2 Korintiërs 6:14 – 7:1.

'n Ongetroude persoon: Ek gaan baie versigtig wees om slegs met opregte Christene uit te gaan met die oog op kennismaking en 'n latere huwelik.

Ek is baie versigtig oor watter boeke, tydskrifte en koerante ek lees. Ek wil my gedagtes en hart nie besoedel met die waardes, voorstellings en begeerlikhede van die nie-christelike wêreld nie.

### STAP 5. BID.

### REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in 2 Korintiërs 6:14 – 7:1.

(Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	--------------------------------------

*Gaan voort om te bid* in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE LES
---	--------------------------	------------------------------------

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van 2 Korintiërs 6:14 – 7:1 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Genesis 1 - 4. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Memoriserings. Herhaal/repeteer elke dag die vyf Bybelverse uit serie B: "Nuwe lewe in Christus".
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, memoriserings, Bybelstudie en hierdie voorbereiding in.